

Kleingroepies – tesame en betrokke!



Sabbatmiddag

Skrifverwysings vir hierdie week se studie:

Gen. 1:1, 2 en 26; Eks. 18:21-25; 1 Kor. 12:12-25; Hand. 16:11-15 en 40; asook hfst. 4:31 en 12:12.

Geheeteks:

“Toe sê Hy vir sy dissipels: Die oes is wel groot, maar die arbeiders min. Bid dan die Here van die oes, dat Hy arbeiders in sy oes mag uitstuur” (*Matthew 9:37 en 38, OAB*).

Die bekende Engelse spreekwoord lui: “*There is strength in numbers.*” In ’n sekere sin is dit waar. Het jy al agtergekom: ’n mens het meer motivering om te oefen as jy dit in groepsverband doen, as wanneer jy dit elke dag op jou eie moet doen? Baie mense sluit by gesondheidsklubs, gimnasiums en ander plekke aan, waar mense saam oefen. Waarom? Want hulle voel dat hulle meer gereeld gaan oefen en dit meer gaan geniet as hulle dit saam met ander doen. Dit stem ooreen met die Godgewe aard van die mens – as wesens wat na samesyn smag. Die mens is dus sosiaal en die begeerte om saam te oefen, geld ook in ander sye van die lewe. ’n Mens vaar immers beter as jy ’n maatskaplike ondersteuningsnetwerk het. Dit geld veral ook in ’n mens se geestelike lewe. Die Bybel wys deurgaans op kleingroepies as een van die metodes waardeur die Here ons geloof versterk, ons kennis van die Woord verbreed, ons gebedsleuens vlerke gee, en ons toerus om vir Hom te getuig. Selfs die Vader, die Seun en die Heilige Gees was [in ’n sekere sin] deel van ’n kleingroepiebediening. Moses was ’n kleingroepieleier. Let ook op Jesus wat ’n klein groepie dissipels op die been gebring het, en ook op die apostel Paulus wat destyds die Romeinsbeheerde wêreld met sy klein groepie evangeliewerkers platgerei het. In vandeeweek se les val die soeklig op die bybelse grondslag vir kleingroepies. Kom ons ontdek saam ’n opwindende manier om tesame te getuig en so betrokke te wees.

**Bestudeer hierdie week se les as voorbereiding vir Sabbat, 5 September.*

Kleingroepies: God se voorstel

Lees Genesis 1:1, 2 en 26; Hebreërs 1:1 en 2; asook Efesiërs 3:8 en 9. Hoe toon hierdie verse die eenheid wat binne die Godheid heers?

Die Vader, die Seun en die Heilige Gees het met die grondlegging van die aarde en die skepping van alles daarop, saam geskep. Elkeen het sy eie taak gehad om te verrig. Tog het hulle dit eendragtig gedoen, as 'n onafskeidbare geheel. Die Vader was en is die groot Ontwerper, die Argitek wat alles uitgedink het. Daardie planne het Hy deur Jesus tot uitvoer gebring, as die aktiewe uitvoerder in die skepping, in samewerking met die krag van die Heilige Gees. Dit was 'n ongelooflik kragtige en bomenslike daad, en is vër bokant ons begrip. Wat ons wel verstaan, en wat redelik duidelik is, is dat ons nie net die werklikheid van die geskape wêreld en kosmos verstaan nie, maar ook die werklikheid dat God Self al hierdie dinge geskape het (*lees Rom. 1:18-20*). Kleingroepies is God se voorstel. Hoewel 'n mens versigtig moet wees waaraan jy die verborge dinge van God gelykstel, kan ons losweg sê dat die Vader, die Seun en die Heilige Gees die eerste “kleingroepie” in die geskiedenis van die verlossingsplan was en is. Hulle het mekaar bygestaan in die gesamentlike skepping van die mens, en selfs na die sondeval met die verlossing van die mens.

Vergelyk die volgende skrifgedeeltes – Johannes 10:17 en 18, Romeine 8:11, asook 1 Korintiërs 15:15. Hoe toon die opstanding van Christus die samehörigheidsgees tussen Vader, Seun en Heilige Gees in die verlossingsplan?

Die Vader, die Seun en die Heilige Gees is verenig in 'n “kleingroepie” met die uitdruklike doel om die mensdom te red. “Die verlossingsplan was voor die skepping van tyd reeds in die raadsbesluite van die perkelose God” (Ellen G. White, *Fundamentals of Christian Education*, bl. 186). Niks is vir die Here van groter belang as die redding van soveel as moontlike mense nie (*1 Tim. 2:4, 2 Pet. 3:9*). Kleingroepies kan veeldoelig wees en is iets wat ons in hierdie week se les gaan bekyk. Tog is die wen van verlore siele vir Christus die hoofsaak – Dít is sulke groepies se groot strewe. Deur in kleingroepies saam te werk, help die gemeente nie net haarself en die lidmaat nie, maar ook ander mense. Ons kleingroepies behoort dus hoofsaaklik evangelisasie-gerig te wees.

Dink 'n bietjie aan die eenheid binne die Godheid, iets wat vir die mens 'n verborgenheid is. Dit gaan inderdaad die verstand te bowe, nè? Tog kan 'n mens steeds glo in, en vertrou op, 'n God wie se aard en wese ons nie ten volle verstaan nie. Waarom is hierdie beginsel (om by geloof te hou ten spyte van ons gebrekkige begrip) so belangrik?

Kleingroepies in die Bybel

Die Bybel verskaf talle voorbeelde van mense wat in groepies gebid, bymeekaargekom, mekaar bemoedig, asook tesame vir Christus gewerk het. Hierdie kleingroepies het aan God se kinders die geleentheid gegee om hul verpligtinge saam na te kom en hul uiteenlopende gawes ten volle te benut. Met ander woorde: kleingroepies skep die geleentheid vir elke gelowige om met God se leiding 'n meer omvattende rol in die kerk se sending te speel.

Lees Eksodus 18:21-25. Jetro se raad aan Moses was 'n bestiering. Watter deurslaggewende raad het Moses se skoonpa aan hom gegee? Waarom was daardie plan dan so onontbeerlik?

Die Israeliete is in groepies van tien verdeel. Niemand is uitgelaat nie en elke groepie het 'n vrome en Godvresende leier gehad. Alle probleme is in kleingroepieverband uitgesorteer. Daardie groepies het ook vele ander funksies gehad. Dit het samesyn gebied, 'n plek waar krisisse voorkom en 'n geestelike lewens gevoed is. Die kleingroepies was God se spesiale skepping waarin sy planne vir Israel aan die mense bekend gemaak is. In hierdie groepies kon mense hegte omgeebande smee; sodat alle betrokke partye uiteindelik dinge kon uitpraat en bespreek, ongeag die aard van die probleme wat hulle die hoof moes bied. Mense het destyds ook met probleme gespook waarmee ander hulle kon help, soos dit nou nog die geval is. Kleingroepies skep dus die geleentheid vir hartlike samesyn en omgee, en vir geestelike groei en probleemhantering. Dit is fassinerend dat kleingroepdeskundiges sê dat die ideale grootte vir sulke groepies tussen ses en 12 mense is. Dit is die presiese grootte waarby Moses en Jesus vir hul kleingroepies gehou het.

Lees Lukas 6:12 en 13, Matteus 10:1 en Markus 3:13-15. Wat was Jesus se tweeledige doel met die selektering en roeping van die dissipels om deel van sy kleingroepiebediening te wees?

Met die roeping van die dissipels wou Jesus hulle beide geestelik en prakties voorberei op hul wêreldwye sending. Deur die bande van samesyn, asook hul samesyn met Christus, sou hulle dan in genade toeneem. Deur daardie kleingroepbyeenkomste sou hulle leer hoe om meer doeltreffend in persoonlike bediening en naastediens te wees. Dag na dag sou hulle kon sien hoe Jesus in die behoefte van die mense om Hom voorsien het, en deur daardie aanskoue sou hulle kon leer hoe om hul gawes en talente te gebruik. Die doel van Jesus se kleingroepiemodel was geestelike opbou van die lede, en uitreik na ander.

Dink aan 'n keer toe jy saam met 'n klein groepie mense gewerk het – vir watter doel ook al – 'n groepie waarin die lede vir mekaar omgee en 'n gemeenskaplike strewe gehad het. Het jy iets sinvol daaruit geleer, iets wat jou vandag kan help om die waarde van kleingroepies in geloofsverband beter te besef?

Georganiseer vir diens

Lees 1 Korintiërs 12:12-25. In watter opsig is die liggaam net mooi die regte beeld vir die harmonieuse samewerking wat 'n mens in kleingroepies bespeur?

Hier toon Paulus nie net die belangrikheid van die gawes van die Gees ter opbouing van die gemeente aan nie, maar kom ook vorendag met 'n model vir die ordelike gebruik daarvan. Hy bespreek gawes van die Gees met betrekking tot die liggaam van Christus, en hoe die gawes reg aangewend kan word. Wanneer 'n mens die vorm, struktuur en werking van ons liggame bekyk, kom dit aan die lig dat ons organe in uiteenlopende dog samehangende stelsels gerangskik is. Die spysvertering-, hartbloedvat-, asemhaling- en beenstelsels is enkele van die liggaam se ingewikkelde orgaanstelsels. Gawes van die Gees is soos die uiteenlopende dele van die liggaam – hulle funksioneer op hul beste as goed-gestruktureerde stelsels of groepe. Om die waarheid te sê, hulle kan gewoonlik nie op hul eie funksioneer nie. Ons organe is nie alleenstaande eenhede wat net in die liggaam saamgegooi is, waar elkeen met mening sy eie ding doen soos 'n wafferse vryskutwerker nie. Elke liggaamsfunksie is georden. Al die dele wat daarby betrokke is, vorm 'n hegte stelsel; wat tesame 'n gemeenskaplike funksie nastreef.

Al die aspekte van hierdie beeld sê vir ons iets oor die geskikte omgewing waarbinne die gelowige sy of haar gawes van die Gees ten volle kan benut. Dit is tog so maklik om moed te verloor wanneer 'n mens dinge op eie houtjie doen. In kleingroepieverband, saam met mense wat jou belangstellings en doelwitte deel, vind 'n mens dat jou pogings meer doelgerig en aansienlik kragtiger is. Kleingroepies is die mees geskikte plek vir die beoefening van ons Godgegewe gawes, en kan die spilpunt van 'n gemeente se uitreik na die plaaslike gemeente wees. Ellen G. White beklemtoon die waarde van kleingroepies: “Die vorming van kleingroepies as die spilpunt van ons uitreikpogings is deur God aan my getoon – en Hy fouteer nooit nie. In gemeentes met 'n groot ledetal kan die lidmate in groepies opgedeel word; met die doel om hulle nie net vir die lede te beywer nie, maar ook vir ongelowiges. Gestel 'n bepaalde plek het slegs twee of drie lede wat die waarheid aanvaar het, dan kan hulle 'n evangelisasiegroepie vorm. Die lede moet [egter] hul hegte band bewaar. Hulle moet 'n gees van samehorigheid handhaaf, en nou saamwerk en saamstaan; terwyl hulle mekaar aanmoedig om voorwaarts te beur, met die een wat moed en krag uit die ander se bystand put” (*Testimonies for the Church*, vol. 7, bl. 21 en 22). Kleingroepiebedienings is deur God ingestel sodat elke kerklid geestelik kan groei, hegte samesyn kan geniet, asook sy/haar Godgegewe gawes in diens van God en die mens kan gebruik.

Bepens die Ellen G. White-aanhaling hierbo. Kyk na elke sinsnede (inaggenome dat die sinsnedes in die Engels en Afrikaans nie altyd ooreen kan stem nie). Hoe kan jy en jou gemeente hierdie raad wat God aan die kerk gegee het, toepas?

Kleingroepies in die Nuwe Testament

Die Nuwe Testamentiese kerk het teen 'n ongelooflik-snelle tempo gegroei. Binne slegs 'n paar jaar het 'n klein groepie gelowiges tienduisende aanbidders geword. Baie faktore het tot hierdie geweldige invloed van nuwe gelowiges en die gevolglike snelle groei gelei. Jesus se bediening het oraloor evangeliesaadjies gesaai, en het derduisende harte op die dissipels se prediking voorberei. Na Jesus se hemelvaart, op Pinksterdag, is die Heilige Gees op 'n kragtige wyse op die biddende, gelowige dissipels uitgestort. 'n Bydraende faktor tot die snelle groei wat die Nuwe Testamentiese kerk beleef het, was hul gestruktureerde kleingroepiebenadering tot die werk van die Here. Kleingroepies was inderdaad die deurslaggewende faktor.

Lees Handeling 18:1-5 en hfst. 20:1-4. Waarom dink jy noem Lukas hier die name van enkele van die persone met wie Paulus nou saamgewerk het?

Die feit dat Lukas melding maak van hierdie persone saam met wie Paulus gewerk het, is nogal fassinerend. Vir Paulus was elkeen van hulle belangrik. Hy het hulle by die naam geken en die een het die ander in hul gesamentlike uitreikwerk onderskraag. Hoewel die aantal name wat hy hier noem maar 'n handjievol is, toon dit duidelik die belangrikheid van noue samewerking selfs al is die werksgroep klein. Waarskynlik het Paulus se medewerkers oor uiteenlopende gawes beskik. Hulle was ook van verskillende kulture met uiteenlopende agtergronde. Hul manier van dink was ook nie altyd dieselfde nie. Tog het elkeen 'n waardevolle bydrae tot die werk van Christus gemaak. Hul diverse gawes, agtergronde en ervarings het bygedra tot die groei van die kerk. Elkeen het vanuit die skatkis van sy agtergrond, en vanuit hul wedervaringe op die Godsweg, bygedra tot die verkondiging van die evangelie.

Vergelyk die volgende twee skrifgedeeltes – Handeling 16 verse 11-15 en 40, en hfst. 12:11 en 12. Watter uitnodiging rig Lidia aan Paulus direk na hulle gesprek? Waarheen het Paulus en Petrus na hul wonderbaarlike bevryding uit die tronk gegaan?

Die Nuwe Testamentiese gelowiges het gereeld in mekaar se huise byeengekom. Christelike huisgesinne het dus afsetpunte vir die blye boodskap geword, en ook die spilpunt waarom kleingroepiebediening gedraai het.

Het jy dit al ooit oorweeg om met 'n kleingroepiebediening in jou huis te begin of om by 'n kleingroepie in 'n vriend se huis aan te sluit? Dalk is jy reeds deel van so 'n bediening. Dink dan na oor al die voordele wat daaruit te trek is, en deel dit met die res van die Sabbatskoolklas.

Dinamika van ‘n kleingroepie

Kleingroepies is die middel waarmee God groei in sy kerk aanwakker. Dit is ‘n “veilige hawe” waarin ‘n mens vir ander van jou probleme kan vertel, en waarin gemeenskaplike belange bespreek kan word. Dit skep die geleentheid vir geestelike groei binne die konteks van omgeebande en vriendskap. Baie nie-Christene is aanvanklik gemakliker met deelname aan ‘n kleingroepie wat by iemand se huis byeenkom, eerder as om ‘n tradisionele kerkdiens vir die eerste maal by te woon.

Lees die volgende skrifgedeeltes uit Handeling – hfst. 4:31, hfst. 12:12 en hfst. 20 verse 17-19 en 27-32. Stel ‘n lys op van die onderskeie elemente wat jy by hierdie Nuwe Testamentiese kleingroepies bespeur. By watter soort aktiwiteite was elkeen betrokke?

Die eerste Christene het byeengekom om vir mekaar voorbidding te doen, om oor hul gemeenskaplike belange te bid, om die hegte samesyn te geniet, om die Woord van God te bestudeer, om vir diens toegerus te word, om mekaar teen vals leraars en dwaalleer te beskerm, en om tesame na ander uit te reik. Kleingroepies maak ‘n verskil. In die groot stryd is die saamstel van gawes ter wille van diens aan God en die mens, en die gesamentlike soeke na die Heilige Gees ter wille van evangelisasie, dus ‘n kragtige wapen in God se hand.

Lees Matteus 9:37 en 38. Wat sê Jesus hier oor die oes, en wat is sy oplossing vir die probleem?

Vir die dissipels was die geleentheid ter bevordering van die evangelie maar yl gesaai, maar vir Jesus het die koringlande van honger siele reeds geil gegroei. Hy het goeie nuus gehad – ‘n blye boodskap oor die blye boodskap! ““Die oes is groot,”” sê Hy en wys toe op die ware probleem: ““maar die arbeiders min”” (*Matt. 9:37, NAB*). En Christus se oplossing vir dié probleem? ““Bid dan [en vra] die Here aan wie die oes behoort, om arbeiders uit te stuur vir sy oes’”” (*Matt. 9:38, NAB*). Kleingroepies is net mooi die antwoord op daardie gebed, en vermeerder die aantal arbeiders vir die Meester se groot oes eksponensieel. Die fokus van alle doeltreffende kleingroepies is getuieis vir Christus en naastediens. ‘n Kleingroepiebediening sal gou doodloop indien die fokus inwaarts in plaas van uitwaarts is. Indien die groepie eiebelang nastreef en bloot ‘n besprekingsgroep word, sal dit sy doelwit mis. So verloor dit dan iets onontbeerliks – sy bestaansrede. Uiteindelik faal die groepie. Kleingroepies het juis ten doel om mense na Christus te lei, om hul geloof in Jesus te versterk, en om hulle toe te rus om vir Hom te getuig.

Roep die Here jou om ‘n kleingroepie in jou huis te begin? Bid en vra die Here, Hy sal jou wys wat om te doen en hoe om dit te doen. Dalk betree jy nog die mees vervullende tyd van jou geestelike lewe.

Vir verdere studie:

Etlke jare gelede het 'n klein gemeentetjie besluit om in te gryp en iets daadwerkliks vir die Here te doen. Die kerkie was in Europa, net buite een van daardie vasteland se groot stede. Ongelukkig het hulle oor die jare heen vreeslik gestagneer. Die gemeente het jare laas 'n dopeling gehad. Hulle het besef: ons moet inspring of ons gaan onder! Die leraar en sy gemeente het met groot erns gebid en die moontlike oplossing versigtig oorweeg. Terwyl hulle die Nuwe Testament bestudeer, kom die gemeente op die kleingroepie-idee af. Nege lidmate – almal leke – sien toe die potensiaal daarin raak, en besluit om dit te verwesenlik. So verbind die lidmate hulle dan tot 'n aksieplan: hulle gaan saam daarvoor bid en verdere studie doen om uit te vind hoe om 'n suksesvolle kleingroepiebediening op die been te bring. Kort daarna besluit hulle om elkeen se huis in 'n evangelisasiesentrum te omskep. Die onderskeie groepe het geleer hoe om die gawes tot hul beskikking reg aan te wend. Deur die kleingroepies is gebeds- en gasvryheidsbedieninge op die been gebring. Mense in die gemeenskap is bevriend. Met weldade aan vriende, familie en voormalige Adventiste het hulle na ander uitgereik. Die kleingroepieleiers het bybelstudies in die nege huise gedoen, met altesaam veertig gaste wat dit bygewoon het. Die gemeentetjie was verstom oor die dinge wat die Heilige Gees vermag het. Uiteindelik is 17 van die 40 gaste gedoop. Daardie kerkie wat voorheen gestagneer het, kan nou eerlik getuig dat klein groepies 'n reuse verskil maak. Dit is een van die maniere waardeur God 'n klomp kerklede op 'n slag by die kerk se sending betrek.

Vrae vir bespreking:

- 1. Bespreek die volgende in klastyd: Wat is die kernelemente van 'n funksionele kleingroepie (let op Donderdag se les)? By watter ander aktiwiteite kan 'n kleingroepie ook betrokke wees? Op watter maniere kan kleingroepies persone met buitengewone gawes help om daardie gawes veel beter as voorheen te benut?**
- 2. Waarom is dit so belangrik dat kleingroepies 'n uitwaartse, sending-gerigte fokus behou? Of anders gestel: waarom behoort kleingroepies altyd die verkondiging van die evangelie as kerndoelwit behou, ten spyte van sulke groepies se geweldig positiewe impak op die koestering en ondersteuning van groeplede? Wat meer is, waarom behoort kleingroepies kontak met die plaaslike gemeente te behou? Waarom is dit so belangrik?**
- 3. Was jy al ooit deel van 'n kleingroepie (of het jy al gehoor van een) wat nie goed kon funksioneer nie en uiteindelik doodgeloop het? Bespreek die moontlike redes waarom dit gebeur het.**
- 4. Dink 'n bietjie oor die verhaal van die gemeentetjie in Europa wat met 'n kleingroepiebediening begin het. Waarom dink jy het dit so goed gewerk? Wat het hulle gedoen wat, in vele opsigte, doodeenvoudig, dog uiters doeltreffend was? Waarom is die hou van kleingroepies in die meer “veilige” huisomgewing, eerder as in kerkgeboue, 'n doeltreffende manier om met uitreikwerk in 'n woonbuurt of gemeenskap te begin?**